**7 September** **Skrifgedeelte: Spreuke 19:1-20:13**
**Fokusgedeelte: Spreuke 1:26-27**

## Jy maai wat jy saai

"Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes" (Gal 6:7-8). Dié waarheid sien jy in die optrede van die *onkundiges*, *grootpraters* en *swape* (Spr 1:22-27). Wat saai hulle? Hulle onkunde (vers 22a), grootpratery (vers 22b), afkeer van God se kennis (vers 22c). Hulle luister nie na God nie (vers 23). Hulle ignoreer God (vers 24a). Hulle klap God se hand weg (vers 24b). Hulle slaan die Here se raad in die wind (vers 25a). Hulle laat hulle nie teregwys nie (vers 25b). *Wat oes hierdie mense*? Ongeluk tref hulle soos 'n orkaan (vers 26a & 27c). Angs oorval hulle soos 'n storm (vers 26b & 27b). Nood en kwelling kom oor hulle (vers 27a). Die lyding, sterwe en opstanding van Jesus Christus bring dié troos: Wat ek gesaai het, het Jesus geoes. Wat Jesus gesaai het, oes ek. Mense wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook (Job 4:8). Christus sê: "Wie My verwerp en nie my woord aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het" (Joh 12:48). Jou lewensdade het gelykluidende gevolge. Jou lewensoptrede loop uit op resultate wat pas by die dade. Wie dan onder die gevolge van sy sonde gebuk gaan en daardeur vernietig word, moet nie 'n vinger na God wys en die Here beskuldig dat Hy onregverdig is nie. Dié een enkele waarheid staan soos 'n paal bo water: wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes!!

Sing: Psalm 28:4 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)